It thus appears that the problem of income inequality does not lie in the process of economic growth. Consequently a narrowing of the per capita income gap cannot be expected to occur through the 'natural' forces of economic development.

The second question which must be posed is whether or not income inequality is necessary for growth in the Western Cape.

Maddison's work in India and Pakistan throws serious doubt on the theory that inequality is necessary for, or in fact, substantially encourages, economic growth (Maddison, 1971).

However, even if it is accepted that inequality is desirable before a stage of sustained growth is reached, it has been clearly demonstrated in this paper that this atage has, in fact, been reached in the Western Cape.

Moreover, it is held here that economic growth and inequality are **incompatible** for the inevitable result of the widening gap will be increased misery and social and political disruption, and the effects of this will manifest themselves in declining labour productivity, thereby effectively setting a limit to economic expansion. This is already happening and even now labour productivity is the biggest obstacle to economic advancement in the region.

Thus it can be stated that inequality is not an inevitable result of growth; moreover, ultimately inequality must negatively affect growth.

the primary reasons for the inequality are discriminatory attitudes on the part of White employers (reflected in informal, as opposed to statutory, job reservation and unequal rates of pay for equal work) and differences in educational opportunities, which influence the distribution of skills. Moreover, this economic and functional inequality is paralleled by (and, to a degree is casually interrelated with) an unequal distribution of effective political power, making the situation in the Western Cape strongly analogous with conditions in Pakistan prior to the catastrophic events of March 1971, which resulted in the formation of the Republic of Bangladesh (Maddison, 1971).

There is an urgent need for change. It is apparent that economic growth **per se** is not sufficient to increase economic welfare and that, in fact, it is possible to achieve a better general well-being with a lower rate of growth if distribution is more equal. Moreover, unless change is instituted the welfare situation is like ly to deteriorate rapidly. At the heart of this problem is population growth. It has been shown above that rapid population growth and income inequality feed upon each other. A highly unequal distribution of income is "inherently inconsistent with development", as it "delays within families the modernization process that is a pre-requisite to spontaneous fertility decline and thus sets back the positive contribution to growth and development" (Kocher, 1973). Thus income redistribution is not only necessary in order to improve the levels of economic welfare in the short-run, but also to tackle the basic problem of population growth.

The "growth-first-and-let-distribution-come-later" principle has derived from a pre-occupation with savings and physical capital accumulation as the basis for development. It is now apparent that human capital formation, which is in itself a redistributive as well as a productive measure, may well be more important than physical capital formation.

It appears from the above analysis that the main areas in which action can be directed to trigger the necessary re-distributive measures are the interrelated fields of education, land reform, levels and rates of urbanization, occupational structure and population control itself.

**REFERENCES**


BASTER, N: **Distribution of Income and Economic Growth: Concepts and Issues**, United Netions Research Institute for Social Development, Geneva, 1970

DEPARTMENT OF STATISTICS: **Census Reports**, Pretoria, 1960 and 1970

DEWAR, D. and D. CORT: "An Assessment of Economic Welfare in the Western Cape" (in course of preparation) 1974.

GOULET, D: "An Ethical Model for the Study of Values", **Harvard Educational Review**, Vol. 41, 1971.

**Greater Saldanha**, Bureau for Economic Research, University of Stellenbosch, 1973.

KOCHER, J.E.: **Rurel Development, Income Distribution and Fertility Decline**, Occasional paper of the Population Council, 1973

MADDISION, A: **Class Structure and Economic Growth: India and Pakistan since the Moghuls**, Allen and Unwin Ltd., London, 1971

POTGIETER, J.F.: **The Household Subsistence Level in Major Urban Centres in the Republic**, Fact Paper No. 8, Institute for Planning Research, University of Port Elizabeth, Oct. 1973.


# VERSTEDELIKING IN BOPHUTHATSWANA


deur

**F.J. POTGIETER***


Die vestigingspatroon van die bevolking van Bophuthatswana is iets besonders: die bevolking toon 'n sterk neiging om in groepe-saam te woon, en alleenstaande plattelandse wonings kom feitlik nie voor nie. Maar die nedersettings waarin die groepe voorkom is hoegenaamd nie homogeen van aerd of funksie nie.

Daar is inderdaad minstens vier soorte nedersettings wat elkeen weer onderverdeel kan word. Eerstens is daar wat bekend staan as die moderne dorpe en stede: dorpe wat as sodanig deur stadsbeplanners ontwerp is met geordende straatpatrone en rasionele erfgroottes. Verreweg die meeste van hulle is in hoofsaak woondorpe, maar een, Babelegi, is 'n moderne nywerheidsdorp sonder enige residensiële funksie, en nog een wat tans (1977) in aanbou is, is Mabatho, die hoofstad van Bophuthatswana, wat afgesien van sy normale funksies ook 'n sterk administratiewe funksie sal hê.

Die tweede groep nedersettings word by gebrek aan 'n beter benaming genoem Uitgemete Nedersettings. Dit is hoofsaaklik plekke waar mense wat deur hervestiging in die tuisland beland het woon, en hulle word gekenmerk deur reghoekige straatpatrone met groot erwe waarop minstens in teorie op klein skaal geplanten gesaai kan word hoewel dit in verreweg die meeste gevalle nie geskied nie. Soms is sodanige nedersettings ook die setel van 'n plaaslike kaptein, sodat hulle in dié gevalle ook 'n administratiewe funksie op klein skaal vervul.

Die tradisionele Tswana-nedersettingspatroon vind uiting in wat bekend geword het as statskomplekse. Dit is nedersettings wat soms verrassend groot kan wees en myle ver kan uitstrek. Die inwoners woon gewoonlik in groepies van twee of drie huise vir elke gesin, en die persele is in 'n amorfe patroon gerangskik sodat strate tussendeur moet kronkel, soms breed en soms smal al na


* Professor in Stads- en Streeksbeplanning aan die Universiteit van Potchefstroom

gelang van die grense van die vormlose woonerwe langsaan, en dit gebeur nie selde nie dat die straat eenvoudig doodloop teen 'n erf. En tog is daar kenmerke van 'n moderne stad in hierdie statskomplekse: daar is 'n handelsfunksie, 'n administratiewe funksie wat geweef is rondom die kaptein en die oudste manlike inwoners, 'n opvoedkundige funksie en iets wat belangrik is teen die Bophuthatswana-agtergrond, namlik 'n wisselwerkingsverhouding met die omliggende gebied omdat inwoners van dié komplekse dikwels boerderybelange in die omgewing het wat hulle uit die statskompleks behartig.

Laastens is daar die plakkerdorpe wat ontstaan op grond wat deur die beherende instansie, hetsy 'n private eienaar of 'n kaptein, in stukkies en brokkies verhuur word aan persone wat 'n besondere rede het om in dié omgewing te wil woon, gewoonlik ter wille van werkgeleentheid nie ver daarvandaan nie. Skole, winkels en selfs diensnywerhede soos motorherstelplekke kom in dié nedersettings voor.

Die verskillende soorte nedersettings toon ook bepaalde liggingsneigings. Nie een van die moderne dorpe lê by sy naaste punt verder as 12 km van die grens van die tuisland af nie en die meeste van hulle lê veel nader aan dié grens. Dit geld ook vir die nywerheidsdorp Babelegi wat vlak teenaan die grens lê, en dit sal ook die geval wees met die hoofstad, Mabatho. Die uitgemete nedersettings en die statskomplekse lê daarteenoor betreklik egalig deur Bophuthatswana versprei, terwyl die plakkerdorpe steeds digby nedersettings van al drie bogenoemde tipes voorkom, maar ook nooit ver van werkgeleentheid in die Blanke gebied nie.

Wanneer oor verstedeliking in Bophuthatswana gepraat word, kan die bevolking dus kwalik verdeel word tussen stadsbewoners en plattelanders. Elkeen van die nedersettingstipes toon stedelike kenmerke, maar nie een van hulle kwalifiseer sonder voorbehoud as stad in die erkende sin van die woord nie - ook nie die sg. moderne stede nie. Lg. tipe nedersetting kan egter uit die oogpunt van die beplanner aanvaar word as verskynsels wat met weinig verandering in 'n ontwikkelende land behou kan word, en vir die res van hierdie artikel sal dus op die moderne stede gekonsentreer word.

Daar is tans dertien stede van wisselende grootte in Bophuthatswana, en hul ligging blyk uit kaart 1. Tot onlangs was daar veertien, maar om besondere redes is een, Mabopane-Oos (ook bekend as Shosenguve) tydens die konsolidasie uit Bophuthatswana verwyder sodat dit deel van die Blanke gebied geword het. Vir beplanningsdoeleindes is die tuisland ingedeel in ses afsonderlike streke (vgl. kaart 1), en die dorpe in die streke met hul 1976-bevolkings word verstrek in Tabel 1.

**TABEL 1 DORPE MET 1976-BEVOLKINGS IN BOPHUTHATSWANA**

| Streek | Dorp | Bevolking |
|---|---|---|
| 1 | Pampierstad | 14 155 |
| 2 | Mothibistad | 4 982 |
| 3 | Itsoseng | 17 980 |
| | Lehurutshe | 2 444 |
| | Montshiwa | 9 141 |
| 4 | Madikwe | 4 382 |
| | Monnakato | 2 316 |
| | Tlhabane | 22 620 |
| 5 | Garankuwa | 81 241 |
| | Mabopane | 66 262 |
| | Mothutlung | 13 791 |
| | Temba | 18 005 |
| 6 | Selosesha | 6 307 |

Die mate van verstedeliking in die streke van Bophuthatswana en in die tuisland as geheel blyk uit tabel 2.

**TABEL 2 PERSENTASIE VERSTEDELIKTE BEVOLKING, 1976**

| Streek | Totale bevolking | Stedelike bevolking | Persentasie verstedeliking |
|---|---|---|---|
| 1 | 83 800 | 14 155 | 16,9 |
| 2 | 92 700 | 4 982 | 5,4 |
| 3 | 167 600 | 29 565 | 17,6 |
| 4 | 163 500 | 29 318 | 17,9 |
| 5 | 594 000 | 179 299 | 30,2 |
| 6 | 47 300 | 6 307 | 13,3 |
| Totaal | 1 148 900 | 263 626 | 23,0 |

Die tempo van verstedeliking in die verskillende streke sedert 1970 word getoon in tabel 3.

**TABEL 3 GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEI VAN VERSTEDELIKTE BEVOLKING, 1970 - 1976**

| Streek | Jaarlikse persentasiestyging in verstedelikte bevolking |
|---|---|
| 1 | 8,8 |
| 2 | 12,2 |
| 3 | 13,7 |
| 4 | 8,1 |
| 5 | 5,4 |
| 6 | 9,9 |
| Bophuthatswana | 6,7 |

Die syfers in tabel 3 dui aan dat 'n verdubbeling van die verstedelikte bevolking, indien die groeitempo van die jongste verlede gehandhaaf word, binne iets meer as 10 jaar sal geskied in Bophuthatswana as geheel, en in effens meer as 13 jaar in die streek met die digste bevolking, nl. streek 5.


Die dienste wat in die stede voorsien word wissel van streek tot streek en van dorp tot dorp, en selfs van huis tot huis. Water word binnenshuis voorsien in al die dorpe van streek 5 en streek 6, binnenshuise riolering in die dorpe van streek 5 en in sommige dorpe van streek 3, en binnenshuise elektrisiteit in altesaam ses dorpe wat versprei lê tussen streke 1,3, 5 en 6. Feitlik al die stede is met bus- en/of treindienste verbind aan nabygeleë dorpe en werkplekke in die Blanke gebied, maar nie een van die stede het 'n busdiens binne die stad self wat toegespits is op 'n sentrale plek binne die stad nie.

Die stedelike funksies wat deur die dorpe gelewer word, is beperk. Almal van hulle vervul vanselfsprekend 'n residensiële funksie, en daarmee saam gaan die opvoedkundige dienste wat vir die betrokke bevolkings nodig is. Daar is ook 'n ruim aantal godsdienstige groeperings wat in die religieuse behoeftes van die bevolkings voorsien. Sewe van die stede huisves magistraatskantore. Dit is egter opvallend dat nie een van die stede beskik oor 'n sentrale sakekern nie: kerns van dié aard wat wel bestaan kan hoogstens deurgaan as klein buurtsentrums, en weinig van hulle is só geleë dat hulle maklik bereikbaar is vir die hele stadsbevolking. Verreweg die grootste deel van die handelsbehoeftes wat in die stede ontstaan word bevredig deur nabygeleë sakekerns in Blanke dorpe soos Mafeking, Rustenburg, Brits, Pretoria en Thaba Nchu.

'n Verdere opvallende verskynsel by die stede van Bophuthatswana is dat nie een van hulle hul omland bedien in die sin dat mense wat in die omgewing woon van die stede gebruik maak as sentrale plekke nie. Hoogstens word die administratiewe en onderwysfunksies (op hoërskoolvlak) deur mense van die omgewing benut. Vir hul ander behoeftes wend dié mense hulle na

blanke stede in die omgewing.

Vir hierdie onvolledige ontwikkeling van die stede van Bophuthatswana kan baie redes aangevoer word. Uit die beplanner se oogpunt is een rede egter voor die hand liggend, en dit is dat die stede nie as sentrale plekke ontwerp is nie. Die straatpatroon lei die verkeer nie spontaan na 'n sentrale punt waar aktiwiteite gekonsentreer kan word en waar dus magnete geskep word wat sentrale sakekernfunksies daarheen lok nie. En dié kritiek geld in groter mate vir die padnetwerk van die omgewing en die openbare vervoerdienste wat die verskillende streke bedien. Dit is in albei gevalle toegespits op die Blanke dorpe buite Bophuthatswana. Daar kan natuurlik aangevoer word dat paaie en busroetes nie op tuislandstede toegespits word nie omdat daar geen behoefte aan sodanige verkeer bestaan nie. Maar tot tyd en wyl die kragte wat so 'n behoefte teenwerk opgespoor en uitgeskakel word sal die stede van Bophuthatswana nie tot volwaardige dorpe in die erkende sin van die woord kan ontwikkel nie.




# SOMMIGE ASPEKTE VAN DIE VERSTEDELIKINGSPROSES IN ONTWIKKELENDE LANDE

deur

**N. MAREE en M.S. BADENHORST**

"Functional urbanization encompasses the location of towns or a hierarchy of towns within the homogeneous matrix - homogeneous in terms of unity of social, financial and administrative organization, tied together by an integrated system of communications"(1).

Afgesien van die streekgedagte daarin vervat, kan hierdie beskrywing van Page ook gesien word as die ideale verstedelikingsmodel vir 'n ontwikkelende land.

Daar skyn egter twee aspekte te wees waarna verwys kan word. Eerstens wil dit blyk asof 'n groot stedelike konsentrasie onvermydelik is alvorens die proses miskien self-korrigerend word. Tweedens is daar aanduidings dat sommige van die minder suksesvolle (unworkable) aspekte van die moderne metropole ook vir die ontwikkelende stede aanvaar word. Baie van die ontwikkelende lande het nog nie 'n bevolkingstal bereik wat vergelykbaar is met sommige metropolitaanse gebiede van die westerse wêreld nie.

## MIGRASIE EN VERSTEDELIKING

Die migrasie na stedelike gebiede is 'n wêreldwye verskynsel maar in ontwikkelende lande en veral in die Derde Wêreld, blyk dit dat die stedelike bevolking grootliks in een primaatstad gekonsentreer word. Baie min ander stede bekom 'n nywerheidsbasis wat met westerse voorbeelde vergelykbaar is. Tussen 1953 en 1963 het die bevolking van Abidjan in die Ivoorkus met 129 000 gegroei waarvan 76% immigrante was. Die toename in Sao Paulo in Brasilië vir die jare 1950-1967 was, 4,7 miljoen waarvan immigrante 70% uitgemaak het (2).

Ofskoon 'n verskeidenheid van sosiale en politieke faktore die migrasievloei beïnvloed, is die ekonomiese motief die hoofoorweging. Die vraag is egter watter persentasie van die migrante suksesvol is om werk te bekom. Baie soek miskien nie eens nie maar beskou heelwaarskynlik die risiko as geregverdig weens die verskil in plattelandse en stedelike inkomstes. In teenstelling met hierdie bevolkingstoename wil dit blyk dat die aantal werkgeleenthede nie ooreenstemmend toeneem nie. Volgens Butler en Crooke (p 45) het Rio de Janeiro se bevolking in die dekade 1950-1960 met 39% toegeneem teenoor slegs 5% in die groei van werkgeleenthede.

Dit kan dan seker gestel word dat die transformasie van die stedelike proses een van die baie ontwikkelingsprobleme in die onderontwikkelde lande is.

## ONTWIKKELINGSPROBLEME EN BELEID

Een van die langtermyn doelstellings van ontwikkeling is die gestadige transformasie van die minder-ontwikkelde landboubasis na 'n meer nywerheidsgeoriënteerde ekonomie.

Die migrasiestroom vergroot die golf tussen plattelandse en stedelike gemeenskappe en die ruimtelike verspreiding van ontwikkeling word nie juis hierdeur aangehelp nie. Om die belangrikheid van 'n plattelandse ontwikkelingstrategie te beklemtoon is dus te verwagte, veral as die bewyse daar is dat die ander plekke 'n lae groeitempo toon.

Daar bestaan 'n positiewe korrelasie tussen toenemende verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling maar die vraag kan gestel word of verstedeliking altyd ekonomiese ontwikkeling voortbring. Dit word daarop gewys dat in vergelyking met geïndustraliseerde lande baie van die ontwikkelende lande 'n hoër stedelike verhouding het as wat die vlak van ekonomiese ontwikkeling wil regverdig. Die tweeledige probleem word dan ondervind om te handel met die fisiese en ekonomiese probleme van 'n vinnig-groeiende stedelike bevolking en terselfdertyd die voorsiening vir 'n groter-wordende plattelandse bevolking.

Verder lei die gebrek aan toenemende stedelike indiensneming weer tot groter werkloosheid veral waar te doen gekry word met kapitaalintensiewe stedelike nywerheidsektor. Daar bestaan dan 'n

(1) Page, D: The urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal. Publikasie van die Universiteit van Pretoria, nr 32, p. 7

(2) Butler, J. and Crooke P. Urbanization. London 1973, p 24